



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

GEOGRAFIE V2

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

AFDELING A:

VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS (60)

VRAAG 2: DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA (60)

AFDELING B:

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord AL DRIE vrae.
3. ALLE diagramme is in die VRAESTEL ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen die onderdelings van die vrae wat jy beantwoord word.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Moet NIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf nie.
8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe wanneer jy moet noem, identifiseer 'n lys moet maak.
10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1 020 hPa, 14 °C en 45 m.
11. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.
13. Skryf netjies en leesbaar.


SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1 : 50 000 topografiese kaart 2527CA Rustenburg (WES) en 'n 1 : 10 000 ortofotokaart 2527CA 20 RUSTENBURG word voorsien.
15. Die area wat in ROOI op die topografiese kaart afgebaken is, verteenwoordig die area wat deur die ortofotokaart gedek word.
16. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir stappe in berekeninge toegeken word.
17. Jy moet die topografiese en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer aan inlewer.

AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

- 1.1 Landelike nedersettings (**A**, **B** en **C**) word op die onderstaande sketse getoon. Voltooi die stellings in KOLOM A met die opsies in KOLOM B. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 Z.




[Bron: Eksaminator se eie skets]

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 'n Ekonomiese voordeel van nedersetting A .	Y Boerdery vir wins Z Lewe met privaatheid
1.1.2 Klassifikasie van nedersetting C .	Y Geïsoleerde plaasopstal Z Gehuggie
1.1.3 'n Verspreide nedersettingspatroon.	Y Nedersetting A Z Nedersetting C
1.1.4 Nedersetting B word geklassifiseer as 'n ... nedersetting.	Y natpunt Z droëpunt
1.1.5 Die vorm van nedersetting B .	Y Kruispad Z Lineêr
1.1.6 Die werklike fisiese posisie waar nedersetting A geleë is.	Y Situasië Z Standplaas
1.1.7 'n Sosiale voordeel van nedersetting C .	Y Toename in sekuriteit Z Toename in werksgeleenthede
1.1.8 'n Situasië faktor wat die ligging van nedersetting A beïnvloed.	Y Gunstige klimaat Z Naby dam vir besproeiing

(8 x 1) (8)

- 1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae oor die stedelike nedersettings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.8 D.

Verwys na die nedersettingshiërargie gebaseer op bevolking en funksies om VRAE 1.2.1 en 1.2.2 te beantwoord.



[Eksaminator se eie skets]

- 1.2.1 Die laagste gerangskikte stedelike nedersetting in terme van bevolking en funksies:


- A Dorp
- B Stad
- C Metropolis
- D Konurbasie

- 1.2.2 Die universiteitsdorp het 'n relatief ... bevolking wat ... funksies ondersteun.

- (i) klein
- (ii) groot
- (iii) min
- (iv) baie

- A (ii) en (iii)
- B (i) en (iv)
- C (i) en (iii)
- D (ii) en (iv)


1.2.3 Die kenmerk wat die stedelike gebied op die kaart 'n konurbasie maak:



[Aangepas uit <https://www.urbanet.info>]

- A Die groot bevolking
- B Konsentrasie van nywerhede
- C Aaneenlopende beboude gebied van afsonderlike dorpe en stede
- D Hoë vlak van ekonomiese aktiwiteit

Verwys na die sketse hieronder om VRAE 1.2.4 tot 1.2.6 te beantwoord.



[Eksaminator se eie skets]

1.2.4 Die maksimum afstand wat verbruikers bereid is om te reis om goedere of dienste te bekom:

- A Invloedsfeer
- B Reikwydte
- C Stedelike hiërargie
- D Sentrale plek

1.2.5 Die ... dien meer mense omdat dit 'n ... drempelbevolking het.


- (i) hospitaal
- (ii) spaza-winkel
- (iii) hoër
- (iv) laer

- A (i) en (iv)
- B (ii) en (iii)
- C (i) en (iii)
- D (ii) en (iv)

1.2.6 Die spaza-winkel se invloedseer is kleiner as dié van die hospitaal omdat dit ... voorsien.

- A laer-orde goedere
- B hoër-orde goedere
- C gespesialiseerde dienste
- D duur dienste

1.2.7 Die tipe handel/vervoer-stedelike nedersetting wat in die foto getoon word:




[Aangepas uit <https://www.worcester-info.co.za>]

- A Aansluitingsdorp
- B Gespesialiseerde dorp
- C Vragverbrekingsdorp
- D Deurgang (poort-) dorp

(7 x 1) (7)

1.3 Verwys na die grafiek en spotprent oor landelike ontvolking in Suid-Afrika.



[Aangepas van <https://data.worldbank.org/>]

- 1.3.1 Hoe beeld die grafiek landelike ontvolking uit? (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Bereken die verskil in die landelike bevolking tussen 2015 en 2025. (1 x 2) (2)
- 1.3.3 Verwys na die spotprent en identifiseer TWEE sosiale faktore wat tot landelike ontvolking bygedra het. (2 x 1) (2)
- 1.3.4 Watter negatiewe ekonomiese impakte het landelike ontvolking op die mense wat in landelike gebiede agter bly? (2 x 2) (4)
- 1.3.5 Hoe kan verhoogde beleggings in landbou mense aanmoedig om in landelike gebiede aan te bly? (3 x 2) (6)


- 1.4 Verwys na die illustrasie en uittreksel hieronder oor die landelike-stedelike oorgangsone van Durban.



[Aangepas uit <https://westown.co.za/site/westown-precincts/>]

- 1.4.1 Identifiseer vanuit die uittreksel EEN faktor wat hierdie grondgebruik-sone geskik gemaak het vir die Westown-ontwikkeling. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Waarom word Durban se landelik-stedelike oorgangsone beskryf as 'n 'sone van verandering'? (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Op watter manier is die residensiële grondgebruik en kommersiële grondgebruik versoenbaar? (2 x 2) (4)
- 1.4.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die negatiewe ekonomiese impakte wat die Westown-ontwikkeling op die omliggende landelike gemeenskap mag hê. (4 x 2) (8)

- 1.5 Verwys na die infografiek hieronder oor 'n stedelike kwessie wat verband hou met vinnige verstedeliking.




- 1.5.1 Volgens die grafieke, in watter jaar was die vlak van verstedeliking hoër? (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Vanuit die kaart, identifiseer die aantal mense wat in 2025 in Johannesburg gewoon het. (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Volgens die uittreksel, identifiseer EEN ekonomiese trek-faktor wat mense na Johannesburg lok. (1 x 1) (1)
- 1.5.4 Waarom het Johannesburg gesukkel om formele behuising aan sy inwoners te voorsien? (2 x 2) (4)
- 1.5.5 Verwys na die foto van die informele nedersetting in Johannesburg.
- (a) Vanuit die foto, identifiseer TWEE basiese dienste wat in die informele nedersetting ontbreek. (2 x 1) (2)
- (b) Verduidelik die negatiewe sosiale impak op die inwoners van Johannesburg wat in hierdie informele nedersettings woon. (3 x 2) (6)

[60]

VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Verwys na die grafieke hieronder. Voltooi die stellings in KOLOM A met die opsies in KOLOM B. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.9 Z.




[Aangepas vanaf Statistiek Suid-Afrika]


KOLOM A	KOLOM B
2.1.1 Primêre ekonomiese aktiwiteite dra ongeveer ... tot Suid-Afrika se BBP by.	Y 9% Z 12%
2.1.2 Die sekondêre ekonomiese aktiwiteite dra ... by tot die BBP as die primêre sektor.	Y minder Z meer
2.1.3 Konstruksie vorm deel van die ... sektor.	Y primêre Z sekondêre
2.1.4 Die primêre ekonomiese aktiwiteit wat die grootste bydraer tot die BBP is.	Y Mynbou Z Handel
2.1.5 Die sekondêre ekonomiese aktiwiteit wat die meeste tot die BBP bydra.	Y Regeringsdienste Z Vervaardiging
2.1.6 Die ... ekonomiese sektor verskaf die grootste deel van die werksgeleenthede.	Y primêre Z tersiêre
2.1.7 'n Sekondêre ekonomiese aktiwiteit wat met elektrisiteit geassosieer word.	Y ELEKTRISITEITS-OPWEKKING  Z ELEKTRISITEITS-VERSPREIDING 

2.1.8 Die huidige proporsionele bydrae van ekonomiese sektore tot die Suid-Afrikaanse BBP.

Y




Z



(8 x 1) (8)

2.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae oor die kernnywerheidsgebiede in Suid-Afrika en die Coega-nywerheidsontwikkelingsone (IOS) gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.2.8 D.



[Aangepas vanaf Statistiek Suid-Afrika]

- 2.2.1 Die kernnywerheidsgebied wat die grootste bydrae tot Suid-Afrika se Bruto Binnelandse Produk (BBP) lewer:
- A Suidwestelike Kaap
 - B Durban-Pinetown
 - C Port Elizabeth-Uitenhage
 - D Gauteng (PWV)
- 2.2.2 Anders as die ander kernnywerheidsgebiede, het die Gauteng (PWV) nywerheidsgebied nie 'n ... nie.
- A spoorwegnetwerk
 - B internasionale lughawe
 - C hawe
 - D nasionale snelweg
- 2.2.3 Die staalvervaardigingsaanleg in die Gauteng (PWV) kernnywerheidsgebied is 'n voorbeeld van 'n ... nywerheid.
- A swaar
 - B ligte
 - C alomteenwoordige
 - D onafhanklike
- 2.2.4 Watter ekonomiese faktor dra tot die PWV-nywerheidsgebied, as 'n goeie ligging vir staalvervaardiging by?
- A Groot verbruikersmark
 - B Somerreënval
 - C Hoë hoogte
 - D Grond vir industriële uitbreiding
- 2.2.5 Watter bedryf trek meer voordeel uit as gevolg van sy ligging naby die hawe van Ngqura?
- A Suikerraffinadery
 - B Motormontering
 - C Staalvervaardiging
 - D Wynproduksie
- 2.2.6 Die Coega-nywerheidsontwikkelingsone (NOS) word geassosieer met die ... kernnywerheidsgebied.
- A Gauteng (PWV)
 - B Durban-Pinetown
 - C Port Elizabeth-Uitenhage
 - D Suidwestelike Kaap


2.2.7 Tussen 2015 en 2025 het die ... aantal besighede wat in die Coega-nywerheidsontwikkelingsone (NOS) bedryf word, ... aangedui.

- (i) toenemende
- (ii) dalende
- (iii) beleggersvertroue
- (iv) industriële agteruitgang

- A (i) en (iv)
- B (i) en (ii)
- C (ii) en (iv)
- D (i) en (iii)

(7 x 1) (7)

2.3 Verwys na die infografika hieronder op Suid-Afrikaanse mielie-produksie gebaseer.




2.3.1 Verwys na die kaart en identifiseer die provinsie binne die mieliedriehoek wat in 2025 die hoogste mielies (per duisend metrieke ton) geproduseer het. (1 x 1) (1)

2.3.2 Noem TWEE fisiese (natuurlike) faktore wat grootskaalse mielie-produksie in die mieliedriehoek bevoordeel. (2 x 1) (2)

2.3.3 Haal bewyse uit die uittreksel aan wat aandui dat mielies Suid-Afrika se hoofvoedselgewas is. (1 x 1) (1)

- 2.3.4 Verwys na die grafiek. Noem die tendens in Suid-Afrika se mielie-uitvoere tussen 2023 en 2025. (1 x 1) (1)
- 2.3.5 Stel TWEE ekonomiese oorsake van hierdie tendens voor (antwoord op VRAAG 2.3.4). (2 x 2) (4)
- 2.3.6 Verduidelik hoe die tendens (antwoord op VRAAG 2.3.4) tot voedsel-sekerheid in Suid-Afrika kan bydra. (3 x 2) (6)
- 2.4 Verwys na die kaart en uittreksel hieronder oor die Wildekus Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief (ROI).



[Aangepas uit <https://www.engineeringnews.co.za/>]

- 2.4.1 Wat is 'n *Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief (ROI)*? (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Verwys na die uittreksel. Noem die tersiêre ekonomiese aktiwiteit wat 'n stimulus vir ontwikkeling in die gebied sou bied. (1 x 1) (1)
- 2.4.3 Vanuit die kaart, identifiseer die belangrikste vervoerinfrastruktuur wat ontwikkel word as deel van die Wildekus Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief (ROI). (2 x 1) (2)
- 2.4.4 Hoe sal die vervoerinfrastruktuur (antwoord op VRAAG 2.4.3) ekonomiese beleggings na die Wildekus Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief (ROI) lok? (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Verduidelik die positiewe sosiale impak wat die ontwikkeling van die Wildekus Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief (ROI) op die mense in die area sou hê. (3 x 2) (6)

2.5 Verwys na die bron oor die Suid-Afrikaanse informele sektor.

AANTAL STRAAT-HANDELSPERMITTE	TOEGELATE INFORMELE HANDELAARS IN DURBAN
Ekurhuleni: 16 567 eThekwini: 11 700 Tshwane: 2 506 Kaapstad: 1 372	
* Uitgereik oor die afgelope vyf jaar deur munisipaliteite	Die eThekwini Munisipaliteit het een van die grootste informele handel sektore in die land. In die middestad van Durban maak toegelate informele handelaars ongeveer 55,2% van alle handelsaktiwiteit uit, terwyl formele gelisensieerde besighede 44,8% uitmaak. Die meeste informele handelaars in die middestad van Durban bedryf oorlewingsondernemings (klein besighede wat hoofsaaklik gestig is om huishoudelike oorlewing te ondersteun). Ten spyte van die uitdagende toestande waaronder hulle funksioneer, speel die informele sektor 'n belangrike rol in die ekonomie.

[Aangepas uit www.citizen.co.za/news/sa-metros-street-trading-permits]

- 2.5.1 Noem die munisipaliteit wat die minste permitte vir straathandel uitgereik het. (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Noem EEN nadeel vir informele handelaars sonder permitte. (1 x 2) (2)
- 2.5.3 Verduidelik waarom sommige straathandelaars verkies om nie vir permitte aansoek te doen nie. (2 x 2) (4)
- 2.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel strategieë voor wat die munisipaliteit kan implementeer om die informele handelssektor te versterk nadat permitte vir straathandel uitgereik is. (4 x 2) (8)

[60]

TOTAAL AFDELING A: 120

AFDELING B**VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE****ALGEMENE INLIGTING OOR RUSTENBURG**

Koördinate: 25°40'S; 27° 14'O

Rustenburg is geleë in die Noordwes Provinsie van Suid-Afrika. Dit was in 1851 as 'n sentraleplekdorp opgerig wat 'n vrugbare boerdery streek gedien het. Vandag is Rustenburg meer bekend as 'n gespesialiseerde mynboudorp, met platinum mynbou wat die dominante ekonomiese aktiwiteit uitmaak en ook die hoofrede vir die groei van die dorp is. Die dorp is die tuiste van die twee grootste platinum myne ter wêreld en die wêreld se grootste platinumraffinadery. Die N4 Platinum-hoofweg loop deur Rustenburg en verbind die dorp met Pretoria in die ooste en Botswana in die weste.

3.1 KAARTWERKVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 In watter provinsie is Rustenburg geleë?

- A Gauteng
- B Vrystaat
- C Noordwes
- D Noord-Kaap

(1 x 1) (1)

3.1.2 Rustenburg word as 'n gespesialiseerde dorp geklassifiseer omdat dit 'n ... dorp is.

- A platinum mynbou-
- B sentraleplek-
- C handel en vervoer
- D toeriste-

(1 x 1) (1)

Verwys na peilbaken (trigonometriese stasie) 205 in blok **B5** op die topografiese kaart en die beelde hieronder om VRAAG 3.1.3 te beantwoord.



[Aangepas uit <https://ngi.dlrrd.gov.za>]

- 3.1.3 (a) Die simbool vir peilbaken (trigonometriese stasie) 205 op die topografiese kaart verteenwoordig beeld (**R** of **S**) (1 x 1) (1)
- (b) Bepaal die hoogte van die peilbaken (trigonometriese stasie). (1 x 2) (2)

Verwys na die topografiese kaart. 'n Stapper stap van **P** in blok **D3** na peilbaken (trigonometriese stasie) 217 in blok **D3**.

- 3.1.4 Noem die naam van die staproete wat gebruik word. (1 x 1) (1)
- 3.1.5 (a) Tussen 2014 en 2026 het die magnetiese deklinasie met 48' verander. Bereken die magnetiese deklinasie vir 2026. (2 x 1) (2)
- (b) Bereken die magnetiese peiling vanaf **P** na die peilbaken (trigonometriese stasie) 217.

Gebruik die volgende inligting:

Ware peiling is **128°**

Magnetiese peiling = Ware peiling + Magnetiese deklinasie

(2 x 1) (2)

3.2 KAARTINTERPRETASIE

- 3.2.1 Identifiseer die straatpatroon in die woongebied gemerk **6** op die ortofotokaart. (1 x 1) (1)
- 3.2.2 Verduidelik EEN rede waarom die straatpatroon (antwoord op VRAAG 3.2.1) in hierdie area ontwikkel het. (1 x 2) (2)

Verwys na die Nasionale Roete (N4) en die gedeelte van die Sentrale Sakekern (SSK) in blok **A5** op die topografiese kaart.

- 3.2.3 Die N4 omseil (verbygaan) (suid/noord) van Rustenburg se Sentraal Sakekern (SSK). (1 x 1) (1)

3.2.4 Die N4 omseil (verbygaan) die Sentrale Sakekern (SSK) van Rustenburg.

(a) Noem EEN ekonomiese nadeel van die verbypad vir Rustenburg. (1 x 2) (2)

(b) Noem EEN voordeel van die verbypad vir motoriste wat op die N4 reis. (1 x 2) (2)

Verwys na die verskynsel gemerk **T** in blok **C5** op die topografiese kaart.


3.2.5 Identifiseer die verskynsel gemerk **T**. (1 x 1) (1)

3.2.6 Noem die grondgebruik van die verskynsel gemerk **T**. (1 x 1) (1)

3.2.7 Verduidelik die voordeel van die verskynsel gemerk **T** op die mense in die omliggende woongebied. (1 x 2) (2)

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

Verwys na die diagram hieronder om VRAE 3.3.1 en 3.3.2 te beantwoord.




[Aangepas uit <https://gisgeography.com/what-is-gis>]

3.3.1 Noem die Geografiese Inligtingstelsel (GIS) komponent gemerk **Y**. (1 x 1) (1)

3.3.2 Identifiseer die GIS-komponent wat prosesse soos datamanipulasie, buffering, oorlegging en navraag behels. (1 x 1) (1)

Verwys na die satellietbeelde hieronder wat dieselfde area op verskillende tye toon.



[Aangepas uit https://satellites.pro/Rustenburg_map.South_Africa]

- 3.3.3 (a) Waarom word satellietbeelde as rasterdata geklassifiseer? (1 x 1) (1)
- (b) Om dieselfde area oor tyd te monitor, staan as (spektrale/temporale) resolusie bekend. (1 x 1) (1)
- (c) Hoekom is dit belangrik dat albei satellietbeelde op dieselfde skaal getoon word? (1 x 1) (1)
- (d) Verduidelik waarom stedelike beplanners Geografiese Inligtingstelsels (GIS) gebruik om satellietbeelde van dieselfde area wat oor tyd vasgelê is, te vergelyk. (1 x 2) (2)

TOTAAL AFDELING B: 30
GROOTTOTAAL: 150